RANDJIENUUS

2 AUGUSTUS 2024

MATRIEKAFSKEID 2024

Die tema van die matriekafskeid is: Die lewe is 'n kunswerk, maak joune kleurvol. Die koors by die skool het hoog geloop! Die matrieks het hulle uitnodigings vir die geleentheid ontvang!

Matrieks 2024

BLOEDSKENK

Randjies se bloed was nie net **blou** nie, maar beslis ook **rooi**! Ons het vir **Mandela dag 57 sakkies bloed** geskenk! Ons is trots op elke Randjie wat iets doen om ander mense te help.

MANDELA DAG

Van ons leerders het op 18 Julie vir **Mandela-dag** gaan help om kospakkies by Linden polisiestasie te pak vir mense wat minder bevoorreg as ons is. **Dankie**, CPF-Linden vir die inisiatief!

LIGPROJEK

Ons **Ligprojek-leerders** het op 26 Julie die geleentheid gehad om saam met die Amago Dei Gemeente vir Laerskool Fontainebleau se graad 7's elkeen 'n bybel te gaan uitdeel. Verlede kwartaal het ons net so oor die **R20 000** ingesamel vir die Bybelgenootskap om te help om bybels aan te skaf wat uitgedeel kan word. Hoërskool Randburg is dankbaar vir elke Randjie wat deelgeneem het. **Julle laat ons harte warm klop.**

SUPER-ONNIE SIMPOSIUM

Ons super-onnies, **Kayla Hoogendoorn, Katy Ndlovu, Dané le Roux en Céhanè Lubbe** het die naweek van 26 tot 27 Julie 'n ekstra skoot **'super'** en inspirasie by die jaarlikse Super-Onnie Simposium gekry. Dankie aan Laerskool Fairland vir hierdie wonderlike inisiatief. Ons sien uit na volgende jaar.

KULTUUR

EISTEDDFOD

Twee van ons leerders het uitstekende uitslae by die *Teatro Art Eisteddfod* behaal:

Nelrie Wijnbeek (gr. 8):

- Gedramatiseerde Poësie – A+++ **(95%)** – Kategoriewenner
- *Dramatised Poetry* – A+++ **(95%)** – Itemwenner
- Eie keuse Poësie – A++ **(94%)** – Itemwenner, Kategoriewenner
- *Monoloog* – A++ **(94%)** – Itemwenner, Kategoriewenner
- *Monologue* – A++ **(94%)** – Itemwenner
- *Own Choice Poetry* – A++ **(93%)** – Itemwenner
- *Vocal: Pop Duet* – A+++ **(96%)** – Itemwenner, Kategoriewenner

Elaine Wijnbeek (gr. 12):

- ★ *Vocal:* Afrikaans – A+++ **(96%)**
- ★ *Vocal & Instrumental: Acoustic* – A+++ **(98%)** – Itemwenner
- ★ *Vocal: Pop Duet* – A+++ **(96%)** – Itemwenner, Kategoriewenner
- ★ *Vocal: Movie* – A+++ **(96%)** – Itemwenner
- ★ *Vocal & Instrumental: Open* – A+++ **(97%)** – Itemwenner

aardklop
PRONK PODIUM
#pronk

PRONK PODIUM - TONEEL

Ons toneelspelers het op 24 Julie lekker by die Pronk Podium toneelfees by Hoërskool Die Wilgers gepronk. Ons het fantastiese terugvoer van die beoordelaars ontvang wat veral **beïndruk** was met die regie wat prentjies mooi bymekaar kan sit.

Die stukke verower die volgende sertifikate:

Karnaval ontvang **brons** vir:

- ★ Regie (Juffrou Jeaneli Piso en Juffrou Marlé Aucamp)
- ★ Toneelspel (Erik Breedt en Ruben Jacobs)
- ★ *Ensemble* spel (Waylon Mengel, Dayvon Fourie, Jan Ferreira en Liam Visser)
- ★ Verhoogbestuurder (Ciska Rossouw)
- ★ Kostuums (El-Marié van Rooyen en Juffrou Jeaneli Piso)
- ★ Plakkaatontwerp (Juffrou Marlé Aucamp)

Afg(e)rond ontvang **brons** vir:

- ★ Skrywer (oud-leerling Dylan Botha)
- ★ Regie (oud-leerling Dylan Botha)
- ★ Toneelspel (Keira Bester, Amanda Mabaso)
- ★ *Ensemble* spel (Keira Bester, Amanda Mabaso, Aliza de Beer, Janique Kruger, Lara-Anne Visser en Isabella Bridger)
- ★ Choreografie (Dylan Botha en Marissa van den Berg)
- ★ Plakkaatontwerp (Dylan Botha)



Jane en John het **silwer** ontvang vir:

- ★ Skrywer (Ethan Bester)
- ★ Regie (Ethan Bester)
- ★ Toneelspel (Sibella Naudé, Wian Gouws)
- ★ Klankontwerp (Ethan Bester)
- ★ Multimedia-ontwerp (Ethan Bester)

Jane en John het **brons** ontvang vir:

- ★ Verhoogbestuur (Nicholaas Mitchell)
- ★ Verhooghulp (Dihan Myburgh, Meagan Bridger)
- ★ Klankoperateur (Ethan Bester)
- ★ Beligtingsontwerp (Ethan Bester)
- ★ Beligtingsoperateur (Ethan Bester)
- ★ Kostuums (Ethan Bester en Meagan Bridger)
- ★ Stelontwerp (Ethan Bester en Meagan Bridger)
- ★ Algehele produksie

Baie geluk, ons is trots op elkeen wat help om van hierdie stukke 'n sukses te maak!

PRONK-DIGITAAL

Ethan Bester (gr. 11) het na die semi-finale rondte van PRONK DIGITAAL deurgedring. Hulle het 'n rekordgetal inskrywings gehad en hy is deel van die nasionale **top 10**. Ons wens hom hartlik geluk, wat 'n fantastiese prestasie.

Weet jy wat is PRONK DIGITAAL? Dit is 'n eenmansvertoninggeleentheid waar talentvolle hoërskoolleerders die kans kry om hul harte op die verhoog uit te speel. Hulle moet dit egter voor 'n lewendige gehoor doen en ook voor 'n kamera. Die semi-finaliste ontmoet Maandag, 5 Augustus te Hoër Meisieskool Pretoria.

Ons hou styf duim vas vir jou!



ENKELSNIT

Kamo Lefawane (gr. 12) het haar nuwe enkelsnit uitgereik! Luister gerus op alle platforms na haar liedjie - *The End*. Ons weet jy gaan baie sukses met hierdie liedjie bereik!

Ons is baie trots op jou, Kamo!

PRESIDENTSVERKENNERS

Ses van ons graad 12-lede van die Voortrekkers het vanjaar die Nasionale Presidentsverkennertoekenning vir kulturele leierskap verwerf nadat hulle aan die vereistes van die Presidentsverkennerproses voldoen het. Die proses sluit eerstens in die bywoning van 'n sekere aantal gebiedskampe, die suksesvolle voltooiing van 'n sekere aantal spesialisasies en take, goeie getuigskrifte van die skool, kerk en Voortrekkerkommando en 'n vereiste aantal jare diens in die Voortrekkers. **Tweedens**, behels dit die slaag van die Nasionale Presidentsverkenner teoretiese eksamen wat in Aprilmaand geskryf is.

Derdens moes die lede die Nasionale Presidentsverkenner-afrondingskamp vanaf 3 tot 7 Julie 2024 te Hartbeesfontein Voortrekkerplaas bywoon. Tydens hierdie kamp is daar gefokus op die verskillende vaardighede wat deel van die Voortrekker-loopbaanplan is. Die kampprogram het uit verskillende aktiwiteite, lesings en uitstappies bestaan waaraan lede aktief moes deelneem.

Baie geluk aan **Chanelle van der Loo, Helene van den Heever, Johan van der Merwe, Logan Broekman, Nina Novella en Reenen Loubser** wat vanjaar dié besondere prestasie behaal om die toekenning te verwerf.

'n Spesiale vergunning is vanjaar aan **Ruan Cilliers (gr. 11)** gemaak en hy het ook die gesogte Voortrekkertoekenning verwerf.

Well done!

KOOR

Ons koor het op 14 Julie in die NG Kerk Die Bult in Potchefstroom gesing. Dit was 'n baie mooi sangdiens en ons leerders het hulle goed van hulle taak gekwyt. Hulle het ook op 27 Julie in die Linder ouditorium by Wits opgetree en hulle het weereens die gehoor met hulle sang betower.

SPORT

TENNIS

Ons top **vier** seuns tennisspelers het op 15 Julie teen Helpmekaar in hul winterliga te staan gekom. Hulle **wen 5-1**. Baie geluk! Julle maak ons trots!

ATLETIEK

Chané Vermeulen (gr. 12) het die afgelope vakansie in Duitsland, Italië en Ierland aan senior atletiekbyeenkomste gaan deelneem. Chané het weer oudergewoonte op die baan **uitgeblink**!

Hiermee haar uitslae:

1. 22/23 Junie - *Mannheim Germany Junior Gala* 200m (**2de**) en 400m (**4de**)
2. 29 June - *Sacile (ITA)* 400m (**2de**/53.72)
3. 9 Julie - *Cork (IRE) Continental tour bronze* 200m (**3de**/23.31)
4. 12 Julie - Dublin (IRE) *Continental tour bronze* 200m (**1ste**/ 23.19). **Hier breek Chané die byeenkomsrekord wat reeds nege jaar gestaan het.**
5. 17 Julie - *Celle Ligure (ITA) Continental Challenger* 400m

Baie geluk, Chané, jy maak ons baie trots!

FIETSRY

Op 20 Julie het ons fietsryspan aan die derde resies van die *CycleLab* reeks by Steyn City deelgeneem. Dit was 'n goeie dag vir ons leerders. Baie geluk met julle goeie prestasies.

Twee van ons seuns, **Evan Naudé (gr. 8) en Jayden Naudé (gr. 11)**, het beide **eerste** in hulle afdelings gekom en sodoende ook die geel *leader jersey* in hulle katogorie gewen. Verder het ons nog 'n paar leerders wat in hulle onderskeie afdelings in die **top tien** geëindig het, **Erik Breedt (gr. 10) - sesde**, **Reinhardt Strydom (gr. 9) - negende**, **Reuben Christensen (gr. 11) - sewende**, **Hannah Lansdell - agtste.**

AKSIEKRIEKET

Jorden Hiepner (gr. 12) is vir die onder 18 *North-Western Gauteng* aksiekrieketspan gekies. Hy tree as *Gold Final Player of the Match* uit en haal die **top 9**-spelers.

SKUT

GSSU Liga 4 Resultate: Die naweek van 19 tot 20 Julie is liga 4 by Hoërskool Randburg geskiet. Verskeie skole het aan die tweede laaste een van die jaar deelgeneem.

Die resultate lyk soos volg:

Sporter onder 21:

3 Jayden Naude
4 Akira Jakobs
6 Bianca Janse Van Rensburg
9 Emma van der Want
11 Celine Du Plessis
12 Dane Moolman

Sporter onder 16:
2 Ettiene Van Der Merwe

Sporter onder 14:
6 Cara Pretorius
7 Annabelle Kirstein
10 Neil Knoesen
11 Minay Van Der Merwe

Presisie onder 21:
4 Ruan Wessel

Pistool onder 14:
5 Maddison Burgess

Pistool onder 16:
1 Chantal van der Bank

Chantal het haar persoonlike beste geskiet! Daar is nog een liga oor waarna die Gauteng-span aangekondig gaan word wat aan die einde van die kwartaal gedurende die skoolvakansie aan die SA's in Modimolle gaan deelneem.

Baie geluk met julle mooi uitslae!

Emma Van Der Want (gr. 12) en **Ruan Wessels** gaan saam met die res van die SANSSU-span na die Verenigde Koningkryk om aan die *British Junior International* te gaan deelneem wat in Bisley geskiet gaan word.

Ons is besonder trots op die twee Randburg skuts wat ons in die komende twee weke oorsee gaan verteenwoordig.

Geniet en hou ons naam hoog!

RUITERSPORT

SANESA Gauteng Finals **-** Die naweek van 27 en 28 Julie het drie van ons skool se ruiters aan *Gauteng Finals* deelgeneem.

Heike Steyn (gr. 11)
2de plek: *Working Riding*
2de plek: *Working Hunter*
5de plek: *In-Hand Utility*

Ashley Novello (gr. 12)
1ste plek: *Showjumping (1 meter), Competition Round*
9de plek: *Showjumping (1 meter), A2 Speed*
11de plek: *Equitation*

Trots op julle mooi prestasies, Randjie-ruiters!

Mareli Wassermann (gr. 10)
9de plek: *Performance Riding, Level 3*
14de plek: *In-Hand Utility, Level 3*
22ste plek: *Working Riding*
22ste plek: *Dressage, Novice Test A*
25ste plek: *Dressage, Novice Test B*

HOKKIE

Die **Eerste dogters- en seunshokkiespanne** het die geleentheid gehad om teen Uppingham School, 'n skool vanuit Engeland, te speel. Dit was vir ons leerders 'n wonderlike ervaring om teen hulle te speel en tyd saam deur te bring. **Dankie Uppingham!**

NOORDVAAL-KAMPIOENSKAPPE HOKKIE

Die volgende hokkiespanne het aan die Noordvaal-kampioenskappe deelgeneem. Randburg spog met **vier** spanne by die kampioenskappe. Wat 'n prestasie vir ons skool! Hulle almal het uitstekend gevaar. Baie geluk aan **ons o/15-dogters** wat as **naaswenners** van die Noordvaal-kampioenskappe uittree.

Naaswenners, O/15-dogters

Eerste hokkiespandogters maak geskiedenis!

Ons dogters het die naweek van 26 tot 28 Julie aan die Noordvaal-kampioenskappe deelgeneem.

Hiermee die uitslae van die naweek:

Groepuitspele:

1. Randburg 7 – 0 Overvaal
2. Randburg 3 – 1 Hatfield Christian School
3. Randburg 1 – 1 Potch Volkskool

Uitspele:

1. Kwarteind: Randburg 3 – 1 Nylstroom
2. Semi-finaal: Randburg 2 -1 Hoogenhout
3. Finaal: Randburg 5 – 0 Hans Moore

Om 5-0 in 'n finaal te wen, wil gedoen wees! **Welgedaan!** Julle maak ons baie trots!

OUD-RANDJIES PRESTEER

Hoërskool Randburg wil graag **drie** van ons oud-Randjies wat tydens die Olimpiese en Paralimpiese Spele deelneem, sterkte toewens!

- ★ **Jean Spies** - Baanfietsry (Olimpiese Spele)
- ★ **Pieter Du Preez** - Fietsry (Paralimpiese Spele)
- ★ **Irmgard Bensusan** - Naellope (Paralimpiese Spele)

RAAI WIE IS VERLOOF…

Baie geluk, **Juffrou Olivia Mac Donnell** wat aan **Brannon Campbell** verloof is.

Mag hierdie nuwe hoofstuk van jul lewe gevul met geluk, opwinding en wonderlike avonture wees.

Ons is saam met julle ogewonde!

AFHAAL VAN LEERDERS WEENS SIEKTE OF AFSPRAKE TYDENS SKOOLURE

Die volgende prosedures geld en ons versoek dat ouers asseblief streng hierby sal hou. Indien 'n leerder by die skool afgehaal moet word weens 'n afspraak van watter aard ookal, word u versoek om 'n brief te skryf met die leerder se naam en van, rede vir afhaal en tyd wanneer en wie hom/haar by die skool kom afhaal duidelik daarop aangedui. Hierdie brief moet deur mev. Elbé Gouws of Francois Vosloo geteken word.

Die leerder hou die brief totdat dit tyd is om die klas te verlaat, toon dit aan die onderwyser en meld aan by ontvangs om uit te teken. Die ouer meld op die bespreekte tyd by die hoofhek aan om die kind te ontmoet.

** Let wel: Leerders mag nie oor die interkom uit klasse geroep word nie **

Indien 'n leerder <u>siek</u> word by die skool, móét hy/sy na ontvangs gaan waar Ria Hoar die nodige sal doen. *Leerders word versoek om asb. nie self ouers te kontak nie. In geval van siekte sal die skool u dadelik in kennis stel.

Leerders wat voor 10:00 uur uitgeteken word, sal afwesig gemerk word.

U samewerking in dié verband word opreg waardeer.

Vir afwesighede, vul asseblief die *Google* vorm voor 08:00 op dag van afwesigheid in:
https://bit.ly/HSRBDV2020

Klerebank

Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15 oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie! Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met Me. Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

Randjie Gebedswag

(Randjie-ouers & -onnies wat bid)

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Woensdag-oggende vanaf 07:30 tot 8:30. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u Jackie Krüger by 083 651 8172 skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.

CSV

Elke Woensdag, tweede pouse in T13.
Almal is welkom!

PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders 'gou-gou' op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is R150 per kwartaal. Prosedure: Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is R250.00 en wanneer dit weer ingehandig, word R200.00 terugbetaal.

Algemene reëls vir parkering:

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

****

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.

ADVERTENSIES



WOENSDAE 12:30 – 14:15

Kaartbetalings alleenlik na 14:00

CARS OUT WEST
EST. 1987
Competitive offers on preowned vehicles
We come to you to value your vehicle
Selling of quality and reliable vehicles only
Don't have what you're looking for? We'll help you source the perfect vehicle to fit your needs
Contact Derek Cavé today on 083 379 7718

ARMOURGEDDON
Home Security
SECURITY INSTALLATIONS, MAINTENANCE & REPAIRS
COBUS: 074 1021 765
sales@armourgeddon.co.za

ARMOURGEDDON
Home Security
SECURITY INSTALLATIONS, MAINTENANCE & REPAIRS
• GATE MOTORS • CCTV
• ELECTRIC FENCING
• GARAGE DOORS & MOTORS


Insure SPR
Precision Healthcare
INSURESPR HEALTH
VISIT US FOR ALL YOUR X-RAYS AND BONE DENSITY NEEDS.
Bone density services
DXA Body Composition
General X-rays
BONE DENSITY SERVICES
We screen and monitor bone health, particularly for patients with osteoporosis or those at risk of fractures.
DXA BODY COMPOSITION
We provide accurate body fat, muscle mass, and bone density measurements, ideal for athletes and individuals are managing their weight and fitness(gym goers)
GENERAL X-RAYS
Our comprehensive imaging services offer quick and precise diagnosis for various medical conditions.
Book an appointment
Tel : 010 001 9997
Cell : 083 450 7861
Visit us
E-MEDCENTRE,
7 MALIBONGWE DRIVE

Advertensies







Hier is die skakel vir **Wen jou Wetenskap en Wiskunde** - https://wenwetenskap.co.za/

ERNA BISSCHOFF (PTY) LTD

HET JY HULP NODIG MET WISKUNDE?

My metodes kan jou help om beter punte te behaal.

KABV KURRIKULUM GRAAD 8-12

Kontak Erna vir meer inligting.
Sel: 0796567764
Epos: ernabiss@gmail.com

LA COURONNE DENTAL INC.

011 792 2555

Dr Ryno de Vos

www.lacouronnedental.com

Augustus 2024

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
29	30	31	1	2	3	4
			Verjaar: M Coetsee Groepdag Kriewelfees 18:00	Verjaar: Julia Mdladla Kriewelfees 18:00 Gr 12 GVS PAT	Koorfees met Gimmies & Laudem Dei en Simfonieorkes Micayla Oertel (Scout funksie Klubhuis) 09:00 Rugby vs Alberton (t)	Koorfees met Gimmies @ FGK
5	6	7	8	9	10	11
Toets 4 Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Monday Night Lights A Capella oefening 18:00-21:00 Tafeltennis vs Hirsch Lyons (t)	Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Koor: Musiekvideo klankopname 17:30 FGK Gr 12 GVS PAT Krieket: L/S Fairland o/9	Tiernertoneel: FAK Alegretto @ Hoërskool Eldoraigne Landloop: Cluster @ Vorentoe	Toets 5 Laerskole Landloop liga (t)	Vrouedag FW Gr 12 8-12:30 Verjaar: TMb Mbatha Animato A Capella streeksuitdunne - Ouditorium	Rugby: Loslootjie Gr 12 Sokkie bootcamp	
12	13	14	15	16	17	18
Toets 6 MMS Eisteddfod Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Monday Night Lights BL-vergadering 18:30 A Capella oefening 18:00-21:00 Tafeltennis vs Rena Academy (w)	Verjaar: K Ndlovu MMS Eisteddfod Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Tienertoneel: ATKV @ Unisa Lettle Theatre Netbal: Fast 5 (t)	MMS Eisteddfod Gr. 12 Rekordeksamen begin Afr. V1 09:00-11:00 IGO V1 14:00-17:00	Toets 7 Verjaar: A Jacobs MMS Eisteddfod HSRB Gholfdag Afr. V2 09:00-11:30 Afr. V3 14:00-17:00	Vakkeuses sluit MMS Eisteddfod Skiet: GSSU liga 5 (t) Fonties krieket A-veld 15:00-18:00 Tennis vs DF Malan (t&w) Landloop: Distrik @ Deltapark LS IT (p) 09:00-12:00 Drama (p) 13:00-17:00 (finaal)	Rugby: "BOWL"semi Finaal MMS Eisteddfod Skiet: GSSU liga 5 (t) Fietsry: Event 4 HTS John Vorster Koor: Skiet van Musiekvideo by FGK A-Raam 16:00-17:00 Unika Prep Sokkie 17:00-23:00	
19	20	21	22	23	24	25
Toets 8 MMS Eisteddfod Admaths formele toets: LO Saal 17:00-19:00 Netbal: Monday Night Lights A Capella oefening 18:00-21:00 Tafeltennis vs Randpark (w) RTT (p) 09:00-12:00	MMS Eisteddfod Netbal: Fast 5 Randpark Eng HL P2 09:00-11:30 IGO V2 09:00-12:00	MMS Eisteddfod Eng. FAL/HL P1 09:00-11:00	Toets 9 MMS Eisteddfod Eng. FAL P2 09:00-11:30 Eng. HL P3 09:00-12:00	MMS Eisteddfod Wisk. toets Gr 10 & 11 13:15-14:15 Fonties krieket A-veld 15:00-18:00 Tennis vs Oosterlig (t&w) REK V1 09:00-11:00 Landbou V1 09:00-12:00	Rugby: "BOWL" Finaal MMS Eisteddfod Noordvaal Landloop te Waterkloof Skiet Dinee Atrium 18:00	
26	27	28	29	30	31	1
Toets 10 Admaths Gr 8-12 17:00 Netbal: Monday Night Lights A Capella oefening 18:00-21:00 Tafeltennis vs Queens High (t) REK V2 09:00-11:00 Ontwerp & Landbou V2 09:00-12:00	Netbal: Distrik Netbal AJV Skoolsaal 15:00 Kooroefening: 17:30 Netbal: Fast 5 Northcliff GEO V1 / Vis Kuns/ Dansstudies 09:00-12:00	Programmerings Olimpiade Rondte 2 14:00-16:00 Mnr. & Mej. Randburg Bes V1 09:00-11:00	Netbal: Fast 5 - Linden (w) MMS Eisteddfod Pryswennerskonsert Krieket vs Krugersdorp Eko V1 09:00-11:00	Toets 11 Fonties krieket A-veld 15:00-18:00 Tennis vs Transvalia (t&w) Wisk./Gelets V1 09:00-12:00	Fietsry: Event 5 St Stithains	